Die teenwoordigheid van die Here

Teks: Psalm 24: 1 - 10
Teksvers: Psalm 24: 3 & 4

1. Inleiding

Verstaan ons as kontemporêre Christen gelowige nog lofprysing vandag? Want wanneer ons besig is met die boek Psalms uit die Woord, kan ons tog nie anders as om besig te wees met lofprysing nie. Die opgetekende liedere wat Dawid en ander Ou Testamentiese kerkmense gebruik het om die Here te loof. Die spesifieke teksgedeeltes wat ons vandag nog in ’n berymde vorm sing hier in ons erediens.

Maar wat gebeur as ek sing, of moet sing. Wil ons vandag maar eerder ’n toeskouer wees wat krities terugsit en kyk hoe ander professionele mense die Here loof? Ons leef mos in die wêreld waar die musiekvaardigheid van musikante en spesiale effekte op die verhoog die trekpliester van die kerk geword het. Maar voor ons so vinnig ons self verontskuldig uit hierdie oortuigings uit, kan ons vra wat sê my lofprysing van my geloofslewe?

Want uiteindelik is lofprysing nie ’n opsionele komponent van my geloofslewe nie. Wat beteken dit wanneer ek nie begeer om uit volle bors saam met my broers en susters in die geloof die Here te loof nie? Is dit miskien omdat ek nie heeltemal saamstem met dit wat gesing word nie?

Of miskien is dit juis die feit dat ek klein en nederig in die teenwoordigheid van die almagtige skepper en onderhouer van die heelal voel. Ons fokus vandag is juis Psalm 24, een van die liedere waarin ons juis die grootheid van die Here besing. Maar in hierdie lied is duidelik verwysing na die mens, na ek en u. Kom ons gaan kyk wie mag die berg van die Here opgaan. Want by die Here is daar genade vir mense soos ek en u.

2. Verhewe bo alles

Openbaar die gebrek aan lofprysing in my lewe, miskien dat ek God nie belangrik genoeg ag om te loof en prys nie? En miskien is dit te verstane in vandag se wêreld met sy beheptheid oor regte, spesifiek eiendomsreg en menseregte. Want dit is juis dit is juis eiendomsreg en mensregte wat in die gedrang kom wanneer ons Psalm 24 uit volle bors sing, en ook bedoel wat ons sing.

Ons ken die geveg rondom eiendomsreg. Die uitroep dit is myne en jy durf nie daaraan raak nie, want dit kom my toe. Maar in vers 1 sing ons duidelike, Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here. Dit is die manier waarop die Here verhewe is bo alles en almal. Die Here is nie soos ’n vreemdeling, huurling of bywoner wat genadiglik moet pleit vir ’n stukkie van ons tyd, aandag en besittings nie. Nee, die teendeel is eerder waar.

Ons word deur die Here genadiglik toegelaat om lewend te wees, om te kan werk, te kan verdien en dan in ’n menslike konteks te kan besit. Wanneer ons dan mooi oor hierdie genade dink, het ons eintlik nie ’n keuse nie. Ons is die Here al die loof, eer en heerlikheid verskuldig. Ons lofprysing begin op presies dieselfde plek, as waar ons model gebed uit Lukas 11 ook begin. Dit begin by die grootheid van die Here.

Dit stroop die persoon wat opreg daarmee besig is onmiddelik van alle selfverheffing. Dit ding die opregte lofpryser op sy/haar kniee voor die almagtige skepper en onderhouer van die heelal. Want in ons aanbidding en lofprysing is ons fokus totaal en al gerig op Hom wat die fondamente van die aarde in die seë gelê het. Staan ek en u nog in verbasing voor die groot en heiligheid van die Here?

3. ’n Heilige teenwoordigheid

Maar wanneer ons so van alle selfverheffing gestroop is. Met ander woorde wanneer ons besef dat ons net ’n mens is en nie God, begin die tweede bekommernis ontstaan. En dit is dan ook met reg so. Dit is die bekommernis oor die teenwoordigheid van die Here. Eintlik eerder ons teenwoordigheid waar die Here is. Dit is hierdie vraag wat ook kern van ons teksgedeelte vorm. Wie mag die berg van die Here opgaan?

Ons weet dat die berg van die Here. Die berg van die Here waarna verwys word is waarskynlik, Moria. Die geskiedenis van hierdie berg begin al waar Isak amper geoffer is. Maar wat dit so nou koppel aan ons teksgedeelte vandag is die gebeure toe Moses die wet van die Here op die berg Sinai ontvang. Ons weet uit eksodus 19 en 24 dat die teenwoordigheid van die Here telkens hierdie berge met ’n wolk bedek het. Ons weet ook dat mense nie hierdie teenwoordigheid binne gegaan het nie, uit vrees dat hulle sal sterf.

Ons tweede teksvers antwoord dan hierdie vraag wie mag opgaan na die berg van die Here. Die persoon wat rein hande en ’n suiwer hart het. Ons weet dat die hande verwys na dade optrede. Met ander woorde iemand rein dade doen. Maar dan ook ’n suiwer hart. Hierdie dade moet voortvloei uit ’n suiwer hard. Die laaste twee kwalifikasies oor bedrog en valse eed voltooi die karakter skets van ’n heilige persoon. ’n Heilige persoon mag op gaan na die berg van die Here om in Sy heilige teenwoordigheid te wees.

Wanneer ’n persoon wat nie heilig is nie dit waag sal die toorn van die Here hom/haar eenvoudig verteer. Dit bring ons by die vraag of ons nog vandag moeite doen met die heiligheid van die Here. Ons glo en bely dat God alomteenwoordig is. Maar daar is steeds iets spesiaal aan die bymekaar in ’n erediens. Gaan soek ek die teenwoordigheid van die Here gereeld op. Met ander woorde is die heiligheid van die Here nog vir my ’n gewigtige saak in my lewe?

4. God kom na ons

Die antwoord op ons omgang met die Heilige teenwoordigheid van die Here, is nie baie goed vandag nie. Trouens dit was eintlik nog nooit goed wanneer ons op die mense en sy optredes fokus. Van die eerste sonde in Genesis 3 af is die mens geneig om weg te vlug van die teenwoordigheid van die Here af. Ons sien ook dat die volk eintlik nie wil opklim op die berg van die Here.

Maar dan sien ons juis weer, hoe groot die genade van die Here is. Want die Here bly nie eenvoudig bo-op die berg ver van die mens nie. Nee, die Here kom. Ons Here Jesus Christus kom na die aarde. Hy kom word mens, Hy kom na ons teenwordigheid. Die poorte van die stad in vers 7 en 9 wat opgemaak moet word, is die poorte van Jerusalem. Sagaria 9:9 profeteer waarom die poorte van Jerusalem oopgemaak moet word: “9Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is ’n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op ’n donkie, op die hingsvul van ’n donkie.

Die genade van die Here is dat toe ons te sondig was om na die God op te gaan. Toe ons te sondig was om in Sy Heilige teenwoordigheid te kon bestaan. Toe kom God af. Hy word mens in ons Here Jesus Christus, en kom dra in ons plek die toorn en straf op ons sonde ten volle. Hy kan dit doen omdat Hy die oorwinnaar in elke stryd is, die Here van die leërskare volgens ons teksgedeelte.

Die uiteinde van die teenwoordigheid van die Here lê in hierdie genade. Toe ons te sondig was om op te gaan na die Here, toe kom Hy af na ons toe. Verder kom sterf Hy in ons plek. Maar staan ook op en verwerf vir ons die lewenmakende Gees. Die Heilige Gees wat nou in ons woon. Die Heiligheid van die Here wat op hierdie besondere manier deel is van ons wedergebore lewe.

5. Slot

Ons kan afsluit met laaste praktiese gedagtes rondom die teenwoordigheid van die Here. En in hierdie praktiese sake is ons ook by vers 7 - 10 van ons teksgedeelte. Verbly julle eeue oue deure. Hierdie deure kan vandag gesien word as die dorps-ingang in lyn met die stadspoort gedagte. Maar die kan ook op kleiner skaal vergelyk word met die deure van hierdie kerk gebou. Maar die eintlike vraag is hoe reageer ons wat agter hierdie deure is.

Is ons agter hierdie deure besig om : “Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!” te sing soos die mense in Lukas 19 toe Jesus ook Jerusalem binne gery het op die donkie. Of is ons besig om te skree: “Weg met Hom, en laat vir ons Barábbas los! soos die skare in Lukas 23:18.

Ons het vandag nog genade tyd om tot bekering te kom. Om die werking van die Heilige Gees in ons te gehoorsaam. En die teenwoordigheid van die Here gereeld op te soek. In ons binnekamer, maar veral ook hier in die erediens. En dan durf waag ons nie stil wees of stil bly wanneer ons saam in die teenwoordigheid van die Here is nie. Ons harte moet so vol van die lofprysing wees, dat

ons nie anders kan as om ook die Here uit
volle bors te loof en prys in sang en lied nie.

Amen